Ned Geref Kerk in Namibië

Vorm 2.4

Beroepsbrief / Dienskontrak

Proforma vir 'n beroepsbrief en die finale diensooreenkoms.

(Vergelyk Besluit 7 by Artikel 7 van die Kerkorde)

1 Identifikasie van die partye.

2 Aanhef.

3 Diensomskrywing: Algemene diensverpligtinge (Artikel 9) met gepaardgaande spesifieke verwagtinge.

4 Vergoeding en byvoordele (Artikel 13).

5 Die wedersydse erkenning deur die partye dat hulle geskrewe ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die Kerkorde en die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke sinode soos van tyd tot tyd gewysig.

6 Aanvangsdatum (a) in die geval van leraars in diens van gemeentes of in diens van die kerkverband, die datum van demissie. (b) in ander gevalle waar 'n beroep aanvaar is, is die aanvangsdatum die datum van bevestiging of 'n datum soos ooreengekom.

7 'n Verklaring deur die beroepene dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen hom/haar is nie en dat hy/sy aan die plegtige legitimasieverklaring getrou sal bly.

8 Die partye se handtekeninge met getuies en datum van ondertekening as aanvaarding dat 'n diensooreenkoms tussen die partye tot stand kom.

'n Uitgebreide konsep-dokument is op aanvraag by die Sinodale Kerkkantoor beskikbaar.